Sondag 26 November 2023 Marcel Floor

## Liturgie:

Votum & Seëngroet
Lied 475:1-2
Geloofsbelydenis: 12 Artikels
Die Wet – Eks. 20 (83AV)
Ek en God alleen
Lied 245:1&3
Gebed
Kinderkerk word verskoon
Ps 130-1:3-4
Skriflesing: Ps. 130 (83 AV)
Fokus: Ps. 130:6 (83 AV)
Tema: Om op die Here te wag – deel 2
Preek
Gebed
Dankoffer vir die diens van barmhartigheid - terwyl opneem sing Ps. 42-1:1, 3 & 5.
Wegstuurseën
Sing Amen
Afkondigings

## Preekskets:

**Tema: Om op die Here te wag – deel 2**

**Inleiding**

**A:**

1. Wag is tyd in God se teenwoordigheid.
2. Wag help jou om te besef hoe afhanklik jy van God is.
3. Wag kan opwindend wees!
4. Wag laat jou dinge meer waardeer wanneer jy dit uiteindelik ontvang.
5. Wag laat jou dikwels groei in jou geloof.
    a. Jak 1:2-4: *Julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming*.
6. Wag maak jou geestelik sterk. (2 Kor. 12:6-10)
7. Wag bring aanvaarding. (2 Kor. 12:6-10)
    a. 2 Kor. 12:10: *Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk*.
8. Wag bring dikwels nuwe insigte.
9. Wag maak ons rustiger. (Ps. 131)
    a. Ps. 131:1-3: *Ek maak my nie besorg oor groot dinge nie, dinge wat bo my vermoë is. Ek het rus en kalmte gevind. Soos 'n kindjie wat by sy moeder tevredenheid gevind het, so het ek tevredenheid gevind. Wag op die Here, Israel, nou en vir altyd*.
10. Deur wag leer jy jouself beter ken.

**Slot**